



Jou geskenke maak 'n verskil in Nicaragua en Guatemala

Die wêreldwye COVID-19 pandemie het die lewesoos ons dit geken het, verander. Ongelukkig is derdewêreldse lande die ergste getref. Lande soos Nicaragua en Guatemala in Sentraal-Amerika is veral swaar deur die virus getref.

Die meeste leraars van Harvesters Ministries kon nie kerkbyeenkomste hou, 'n inkomste genereer en vir hulle gesinne sorg nie. Baie van hulle is heeltemal hopeloos gelaat, sonder om 'n inkomste te verdien en het op die rand van die honger gestaan.

TRANE IS GESTORT

Nie net het leraars, hulle vrouens en kinders honger gely nie, maar baie leraars, meestal uit Guatemala, het as gevolg die virus gesterf. Hulle gesinne is nou sonder 'n geliefde vader en hulle gemeentes het nie meer 'n herder nie.

Een so 'n leraar was Mario Ramirez Dias. Hy was 'n fenomenale kerkplanter, veral in die landelike dele van Guatemala. Sy familie het steeds jou gebede nodig. Guatemala as 'n nasie ly as gevolg van 'n gebrek aan hospitale en mediese behandeling.

KOSPAKKIES EN DIE EVANGELIE BEREIK DIE BEHOEFTIGES

Jou geskenke het dit vir Harvesters Ministries moontlik gemaak om kospakkies uit te deel aan honderde leraars en hulle gesinne uit Nicaragua en Guatemala. Leraars het

die kos wat hulle ontvang het, met ongelowiges en armes in hulle dorpe en gemeenskappe gedeel.

Hulle het nie net kos uitgedeel nie, maar ook die Goeie Nuus van die Evangelie met diegene gedeel wat nog nie vir Jesus ken nie. Mense kom nou tot bekering. Gesinne en gemeenskappe verander - dit is alles deur jou ruimhartige geskenke moontlik gemaak.

DIE VROU VAN GUATEMALA HET JOU GEBEDE NODIG

Guatemalaanse vroue, wat hoofsaaklik in landelike gebiede woon, word nog altyd verwaarloos. Hulle dra die drievoudige las van armoede, vrou-wees en inheemse agtergrond. Nou vrees hulle dat die pandemie die mishandeling en verwaarloosing waarmee hulle reeds te kampe gehad het, sal vererger.

Moeders is bekommerd oor hulle kinders. Skole was vir maande aaneen gesluit. Verder ontbreek inheemse kinders en jongmense die ekonomiese en tegnologiese hulpbronne om hul studies onafhanklik voort te sit.

Hoe langer die pandemie duur, hoe meer gesinne sal sukkel om te oorleef. Hulle sukkel veral met werkloosheid, vrees, die aantal mense wat besmet is en sterftes neem toe.

Die toekoms in Guatemala en Nicaragua is nog steeds onseker. Hou asseblief hierdie gemeenskappe in jou gebede. Bid dat gemeenskappe verander sal word. ✉

Ook in hierdie uitgawe:

- 2 Maak die Weg Oop in Landelike, Suid-Afrika.
- 4 Help om Gemeenskappe in Peru te verander.



Maak die Weg Oop in Landelike, Suid-Afrikaanse **Gemeenskappe**

Jy help tans dat Harvesters Ministries in meer as 60 lande regoor die wêreld kan werk – dit sluit Suid-Afrika in.

Die afgelope paar jaar het die bediening baie suksesvolle vennootskappe met *Harvesters Licensed Trainers* (HLT's) gevestig.

Hierdie HLT's word opgelei om mentors en leermeesters in Dissipelskap, Evangelisasie en Kerkplanting met behulp van die Harvesters Ministries-kurrikulum te word. Dit is dieselfde kurrikulum wat gebruik word om leraars en studenteleraars regoor die wêreld op te lei. Danksy God se genade vind hierdie opleiding in 43 tale wêreldwyd plaas.

MBOZA KRY GEWELDIG SWAAR

Danie en Erika Pelsers is HLT's wat 'n passie het vir die mense van die armoedige gemeenskappe in Mboza. Dit

is in die noordelike deel van KwaZulu-Natal geleë. Mboza is 'n groot informele nedersetting wat omring word deur talle plattelandse dorpie.

Mboza grens aan Mosambiek en Swaziland. Daar is meer as 1 miljoen Zoeloe mense in hierdie afgeleë gebied. Die gemiddelde inkomste vir 'n gesin in hierdie streek is ongeveer R1 600 per maand.

Beyers Brink, Harvesters Ministries se Streeksdirekteur vir Suider-Afrika, verduidelik: "Om dinge te vererger, is 42% van hierdie bevolking jonger as 14 jaar oud. Stel jou voor dat 'n gesin van vyf mense met minder as R50 per dag



Wanneer jy hande vat met Harvesters maak jy die weg oop vir onbereiktes om Jesus te kan ken.
Jy het onlangs gehelp om gemeenskappe in landelike Suid-Afrika te verander. Dankie vir jou geskenke en gebede!



moet oorleef." As jy die lewensomkoste in Suid-Afrika in ag neem, lyk dit na 'n onmoontlike taak.

In Mboza word klein kindertjies dikwels deur hulle ouer boeties of sussies versorg, omdat hulle ouers aan VIGS gesterf het. Hierdie kinders word geforsê om skool te verlaat, sodat hulle vir hulle jonger sibbes kan sorg. In ander gevalle werk die ouers in die stad en stuur geld huis toe vir hulle kinders. Die toekoms vir hierdie verlore jeug sal nooit beter word as hulle nie die Goeie Nuus van die Evangelie hoor nie.

DAAR IS HOOP VIR MBOZA

Drie jaar gelede het Danie en Erika Pelser die visie gehad om die plaaslike leraars met Harvesters se materiaal toe te rus. Daar is tans reeds 97 nuwe kerke geplant en hierdeur is baie nuwe dissipels gemaak. Daar is ook nuwe leraars opgelei vir elke kerk.

Ons verwag dat die aantal kerke tot ongeveer 200 sal toeneem, en dit beteken dat elke leraar in die volgende jaar minstens een kerk sal plant.

Harvesters Ministries is dankbaar vir HLT's soos Danie en Erika Pelser wat verantwoordelikheid geneem het. Deur hulle harde werk en toewyding het hulle hierdie groot mylpaal bereik. "Ek wil elke gebedsvennoot en donateur bedank wat gebed en gegee het. Jy het dit moontlik gemaak. Ek wil almal vandag uitdaag om hierdie werk in Mboza te ondersteun, sodat God se Koninkryk oor die volgende jaar in Mboza met 100 nuwe kerke uitgebrei sal word," het Beyers gesê.

JOU GESKENKE WEN SIELE VIR JESUS

Jou geskenk van R1 800 sal 'n leraar in Mboza in staat stel om gedurende die volgende drie jaar minstens drie nuwe kerke in sy gemeenskap te plant. Elke leraar ontvang 'n

Bybel in sy moedertaal, ses Harvesters Ministries-modules en drie jaar se opleiding.

Jou geskenke sal tot verandering in landelike Mboza lei. Waar daar eens hartseer was, kan daar nou vreugde wees. Jou geskenk sal die geleentheid skep om siele vir Jesus te wen, dissipels te maak en honderde duisende mense se lewens te verander. ✉



Danksy getroue ondersteuners soos jy, kon hierdie kerkleiers en gemeentelêde onlangs toegerus word om dissipelmakers te wees.



Help om Gemeenskappe in Peru te Verander

Jy het onlangs gehelp om 'n baie suksesvolle opleidingsessie in Peru te loods. Prys die Here vir Joel en Lucia wat hierdie groep leraars in Suid-Amerika lei en oplei. Vertrou die Here dat dit binnekort moontlik sal wees om nie net kerke in Peru te plant nie, maar in al die onbereikte dele van Suid-Amerika.

Hierdie ongekende jaar het alles verander. Kerke kon nie bymekaarkom nie. Leraars en hulle gesinne het swaargekry. Dit was vir Harvesters onmoontlik om gedurende die grootste deel van 2020 met opleiding voort te gaan. Hierdie spesiale opleidingsessie aan die einde van 2020 het die jaar beslis op 'n hoogtepunt en met nuwe hoop afgesluit.

Jou geskenke maak 'n groot verskil in van die mees landelike gemeenskappe in Peru. Kerke word geplant waar daar nooit vantevore toegang tot 'n kerk was nie. Die Evangelie verander baie afgeleë landelike gemeenskappe in Suid-Amerika.

Daar is 'n dringende behoefte dat die Kerk in Peru moet opstaan en groei, veral nou dat 'n groot aantal van die jeug weg beweeg van die kerk. Kerkbywoning is ook nie wat dit eens was nie. Staan in vennootskap met Harvesters en maak die weg oop om vir die hele Suid-Amerika toegang tot kerke en die Evangelie te gee. ✉

Maak kontak met Harvesters Ministries op enige een van hierdie platforms:

 Facebook – <https://www.facebook.com/harvestersmin/>

 Instagram – www.instagram.com/harvestersministries

 Webtuiste – www.harvestersministries.com

Laat weet ons asseblief indien jy sou belangstel dat Harvesters Ministries 'n gratis aanlyn Dissipelmakers kursus vir jou gemeente kan aanbied – info@harvestersministries.com

 Volg die Harvesters Ministries **YouTube Kanaal** – soek na "Harvesters Ministries" of volg die skakel hieronder: <https://www.youtube.com/c/HarvestersMinistries/featured> 📺

icons by Vecteezy.com

Harvesters MINISTRIES

www.harvestersministries.com

WhatsApp: **064 809 6326**
(stuur jou naam en van en ons sal jou kontak).

Telefoon: **021-300-5629**

E-pos: info@harvestersministries.com

Posadres: **Freepost CB11432 • Strand, 7139**
(Geen posgeld nodig nie indien binne Suid-Afrika gepos word).

Fisiese Adres: **Eenheid 9, Tazra Park 2 • Stuart Close • Somerset West Business Park • Somerset-Wes, 7130 • Suid-Afrika**

Bankbesonderhede
vir direkte inbetalings:

Harvesters Ministries
ABSA Bank

Rekeningnommer: 4075041297


Takkode: 632005

Verwysing: NE0221

Meer Opsies om te Gee:

Besoek ons webblad

of gee via Zapper of SnapScan ...



Baie dankie vir jou ondersteuning!